GARSIE ONTWIKKELINGS
NWM
TRASIE NO: 2020 / 790588 / 08

G.O.M@lsgf.co.za [e-pos]
012-348 1269 / 70 [tel]
012-348 6460 [faks]
Posbus 905-933 Garsfontein 0042 [pos]

GARSIES NASKOOL INSKRYWINGSVORM 2021

Datum van toelating: _____

Registrasiegeld: Bedrag betaal: _____ Betalingswyse:_____

LEERDER:

Noemnaam en Van: _____

Graad: _____ Geboortedatum: _____

Huwelikstatus van biologiese ouers: _____

GESONDHEIDSINLIGTING:

Enige allergie of mediese toestand waarvan personeel kennis behoort te dra:

_____

BUITEMUURS:

Enige deelname buite skoolverband: JA ☐ NEE ☐

Indien JA, wie moet leerder vervoer:

Naam en Van:

_____

Kontaknommer:

_____

Op watter dae en tye is hulle oefening?

_____

Enige deelname binne skoolverband: JA ☐ NEE ☐

Spesifiseer:

_____

_____

MEDIESEFONDS INLIGTING:

Fondsnaam: _____ Lidnommer: _____

Hooflid: _____

PA/VOOG:

Voornaam en Van: _____

Selfoonnommer: _____ Werk tel: _____

E-pos adres: _____

Woonadres: _____

MA/VOOG:

Voornaam en Van: _____

Selfoonnommer: _____ Werk tel: _____

E-pos adres: _____

Woonadres: _____

ALTERNATIEWE KONTAKPERSOON:

Naam en Van: _____ Verwantskap: _____

Selfoonnommer: _____ Alternatiewe nommer: _____

NAME VAN PERSONE WAT LEERDER MAG AFHAAL: (NIE OUERS)

1.Naam en Van: _____ Verwantskap: _____

Selfoonnommer: _____

2. Naam en Van: _____ Verwantskap: _____

Selfoonnommer: _____

3. Naam en Van: _____Verwantskap: _____

Selfoonnommer: _____

BYWONINGSKEUSE: Merk toepaslike keuse en/of vul in.

1. Maandeliks. ☐
2. Dagbesoeker: ☐ Dae van die week:_____
3. Add Hock ☐ Soos gereël met Naskoolhoof. (Per Skrif)

VOORWAARDES VAN INSKRYWING EN KONTRAK MET OUER/VOOG

Ek/Ons in hoedanigheid as ouer(s)/voog(de) van bogenoemde leerder:

1. Erken hiermee dat ons bewus is daarvan dat die Garsie Ontwikkelingsmaatskappy se Naskoolsentrum, Garsies Naskool as ‘n aparte entiteit op die perseel van Laerskool Garsfontein bedryf word en dat Laerskool Garsfontein slegs die verhuurder van die perseel is en op geen ander wyse betrokke is by die bestuur van die Naskool nie en ek/ons vrywaar hiermee Laerskool Garsfontein van enige en alle eise wat mag spruit uit die leerder se bywoning van die Naskool.

2. Gee hiermee toestemming dat bogenoemde leerder aan die kurrikulum en buitemuurse aktiwiteite van die Naskool mag deelneem asook verwante uitstappies mag meemaak.
   2.1 Bogenoemde leerder mag deur die Naskool se personeel vervoer word soos nodig.
   2.2 Aangeheg die ondertekende vrywaringsvorm, vir die vervoer van die leerder met die Naskool se gekose medium van vervoer en die prosedure vir die gebruik daarvan.

3. Aanvaar dat die Naskool (in die uitsluitlike diskresie van die direksie en personeel in beheer van die Naskool) redelike voorsiening sal probeer tref vir die veiligheid en welstand van die leerder tydens sy/haar /hul bywoning van die Naskool, maar dat die Naskool, sy personeel en direksie geen verantwoordelikheid aanvaar en/of sal opdoen vir enige skade (hetsy direk/indirek of gevolglike skade) wat die leerder sou opdoen voor, tydens of na die bywoning van die Naskool en of enige aktiwiteite van die Naskool nie.
   3.1 Ek/Ons aanvaar verantwoordelikheid vir enige mediese- of hospitaaluitgawes in geval van besering aan die leerder.
   3.2 Ek/Ons vrywaar die Naskool, sy personeel, die direksie en gevolmagtigdes van enige aanspreeklikheid (van watter aard ook al).

4. Dra my/ons magtiging as ouer(s)/voog(de) oor aan die Hoof van die Naskool of sy/haar verteenwoordiger indien mediese/chirurgiese behandeling vir die leerder nodig mag wees.

5. Verklaar as volg:
   5.1 dat, sover ek weet, die leerder fisies in staat is om aan enige aktiwiteite deel te neem; en
   5.2 dat hy/sy in goeie gesondheid verkeer; en
   5.3 onderneem ek/ons om die Naskool (en die personeel van die Naskool) voortydig skriftelik inlig indien daar enige spesiale reëlings getref moet word ten aansien van die leerder en/of die leerder se spesiale behoeftes en/of die leerder se deelname aan aktiwiteite.

6. Erken dat die Naskool nie `n wetlik verpligte aktiwiteit is nie en vervolgens ook:
   6.1 Dat die Naskool hierdie kontrak met my/ons kan kanselleer met vooraf skriftelike kennis indien die leerder nie aan die Naskool se reëls voldoen nie en voortgaan om na

herhaaldelike waarskuwings steeds nie aan die reëls gehoor te gee nie. In sodanige gevalle sal die beste belange van die ander leerders by die Naskool ingeskryf voorkeur geniet bo ‘n leerder wat nie by die reëls kan hou nie.

7. Ek/Ons aanvaar dat die afhaal van leerder(s) geheel en al op eie risiko geskied; en aanvaar verder dat:
   7.1 Indien ek/ons nie ons nie die leerder by die Naskool kan afhaal nie, ek/ons vooraf skriftelik aan die Hoof van die Naskool sal bevestig wie die leerder sal afhaal en daardie persoon se kontakbesonderhede aan die Hoof van die Naskool sal deurgee.
   7.2 Ek verantwoordelik sal wees vir ‘n ekstra fooi van R50.00 wat op my/ons rekening gehef sal word vir elke 30 minute wat die leerder na 17:30 by die Naskool afgehaal word.

OOREENKOMS MET BETREKKING TOT DIE BETALING VAN FOOIE

8. Ek/Ons aanvaar betaling van die volgende fooie vir die leerder se registrasie en bywoning van die Naskool:
   8.1 Dagfooi: R 150 per dag wat die leerder Naskool bywoon.
   8.2 Maandfooi: R 1450 per maand wat die leerder Naskool bywoon.
   8.3 Jaarfooi: R14 500 Betaalbaar oor 10 maande voor of op die 7de van elke maand.
   8.4 Registrasiefooi: R 850

9. Ek/Ons onderneem om die ooreengekome fooie aan die Naskool betaalbaar vir my die leerder maandeliks stiptelik aan die Naskool te betaal, by gebreke waarvan die Naskool of sy gevolmagtigde geregtig sal wees om:
   9.1 my/ons in kennis te stel dat my/ons fooie agterstallig is en versoek om die agterstallige fooie binne 7 dae te vereffen en hierdie kontrak dan sonder verdere kennis te kanselleer; en
   9.2 by voortgesette wanbetaling regstappe te neem ter verhaling daarvan, in welke geval ek/ons verantwoordelik sal wees vir rente op die uitstaande bedrag teen 18,5% per jaar, bereken vanaf datum van wanbetaling tot datum van betaling van die volle uitstaande bedrag in welke geval ek/ons vir alle regskoste aangegaan (op prokureur- en kliëntskaal), rente en invorderingskommissie verantwoordelik sal wees.

BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

10. Ek/ons, die ouer/s of wettige voog/de van die leerder, gee hiermee toestemming dat:
   10.1 die Naskool my/ons persoonlike inligting wat deur die Naskool ingesamel, verwerk en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir doeleindes van die behoorlike funksionering en bestuur van die Naskool; en

10.2 die Naskool die leerder se persoonlike inligting wat deur die Naskool ingesamel, verwerk, gedeel en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir die doeleindes van die behoorlike funksionering en bestuur van die Naskool.

ALGEMEEN

11. Verklaar verder dat:
    11.1 Ek/ons hierdie inskrywingsvorm volledig voltooi het en dat die besonderhede hierin vervat, waar, juis en korrek is.
    11.2 Ek/Ons die Naskool in kennis sal stel indien ons kontakbesonderhede verander.
    11.3 Ek/Ons bewus is van die reëls wat geld by Naskool, waarvan ek/ons 'n kopie het en welke reëls op versoek beskikbaar gestel kan word.

12. Nieteenstaande die feit dat die Naskool verlang dat albei ouers/voogde (indien van toepassing) die dokument onderteken, sal die ondertekening deur my genoegsaam wees om my te bind tot die voorwaardes hierin vervat. Indien ons albei teken, sal ons gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik wees vir die verpligtinge hierin vervat.

13. Enige wysigings hiertoe moet in skrif gedoen word en deur albei partye onderteken word om regsgeldig te wees.

Geteken te Pretoria op hierdie _____dag van _____20_____

Ouer/voog: _____ Rekeningpligtige: _____

Ouer/voog: _____Getuie: _____

Namens die Naskool

_____

BANKING DETAILS:

GARSIE ONTWIKKELINGS NPC

FNB (BUSINESS ACCOUNT) | ACCOUNT NUMBER: 62871610583
BRANCH CODE: 210835